

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 22 Januarie 2017

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Kol 2: 6-15.

Fokus: Kol 2: 10 (OAV).

Vlak 1 dissipelskap:

Vestiging van volkome identiteit in Christus

Omgee:

- Isébel Macleod moet einde Januarie chemo-behandeling kry.
- Martie Ackerman is verlig dat daar na verdere toetse geen kwaadaardigheid in haar lewer is nie.
- Ons bid dat die brande in die Wes-Kaap geblus sal word.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:☀...

- Vanmiddag vanaf **16:30** kom al die **hoërskoolleerlinge** by die kerk bymekaar vir hulle byeenkoms.
- Die aanddiens/**gemeentetoerusting** vind vanaand om **17:30** plaas.
- Die volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir 3-5 Feb by Linden GK. Registrasie kan by Celeste Mulder (082 372 8684) gedoen word.
- Die **Diakens** vergader DV **Dinsdagaand (24 Jan) om 19h00** in die kuierkamer.
- Daar is behoefte aan **helpers by die Kinderkerk** – gesels met ds Stephan of Ankie as jy haar en Michelle kan help, asb.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – Ons vier Stephan, Ilse-Marié, Gordon en Stella se verjaardae vandag en al die groepe help skink . Die nuwe rooster sal by haar beskikbaar wees vandag.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

Gebed: Retreat 28 Jan '17, 08:30 by Bergbron

Bring en braai om 12:00

By 'n Gebedsgeleentheid op Woensdagaand (11/01) het ons beplan en gebed vir 'n gebeds *retreat* op Saterdagoggend, 28 Jan, by Bergbron Gemeente.

Bidders en volgehoue gebed dra 'n Gemeente. Ons is so bevoorreg om soveel lidmate te hê wat biddend is.en spontaan deelneem aan gebed, hetsy in groepe of alleen in hulle binnekamer. Dan het Bergbron Gemeente 'n unieke *redemptive gift*. Ons is 'n Gemeente wat verskeie bedieninge huisves. Vanuit Bergbron gebeur dinge na buite. Ons naam verkondig dit: Ons is 'n *Bergbron*.

Kom ons kom Saterdagoggend die 28ste as **Gemeente en bedieningslede** van buite en gaan sit aan die voete van die Here. Ons vra op grond van Spreuke 3:4,5 “Here hier is ons beplanning, Wat is U hart vir ons in 2017? Here ons vra nie wat is U wil vir elke bediening nie, ons vra wat is U wil.? Amen

Oordenking: Nehemia 8:10 The Joy of the Lord is your strength

Ons is so gewoond aan bid en bid.....amper of ons met 'n haelgeweer skiet. - Mag dit tref!

Ons bid ons eie agendas! Ons bly vra en vra, maar besef nie dat daar meer aan gebed is nie. Om te vra is reg, dit is Bybels,maar God is besig om ons op 'n nuwe pad te lei, 'n pad saam met Hom. Hy neem elkeen van van ons op 'n reis na binne . “a Journey inwards“ . Waarom noem ons dit 'n reis na binne/ inwards?

Met elkeen van ons afsonderlik is God deur Jesus Christus op reis. Dit is 'n groei proses en hou aan solank as wat ons lewe.

Die groeiproses:

Dit wil voorkom asof daar drie stadiums van groei is: 1 Joh. 2:12; 1 Pet.2:1 – 3

1ste Fase van groei – wanneer jy tot bekering kom wil jy graag vir die Here werk. Baie opgewonde. As jy teen ‘n lamppaal vasloop wil jy dit tot bekering bring. Dit laat my terug dink toe ek ‘n jong seun was. As ons die slag ‘n roomys gekry het, het jy elke lek met soveel smaak geniet en letterlik so geëet dat jy elke happie benut. Netso is die eerste fase op die pad met die Here: Jy wil elke stukkie belewenis koester en niks verloor nie.

2de Fase van groei – Begin nuwe dinge vir God soos bv.netwerke, skolebediening en besoek ‘n koffiekroeg. Op hierdie stadium besef jy dat jy God nodig het en vra dat die Heilige Gees en jy iets vir God saam kan doen. Jy weet al dat jy nie uit eie krag kan slaag nie, jy het baie geleer uit jou vorige pad van groei. Omdat jy Vader ken, bid jy en vra vir ‘n strategie en rigting aanwysing. Die Here laat dit toe. Hy het Sy eie tyd en in hierdie tyd berei Hy jou voor vir die volgende fase van groei

3de Fase van groei – is waar ek en jy ons op ‘n nuwe pad bevind. Skielik is dit stilte as jy bid. Jy vra nie aanmekeer vrae nie, jy het intussen geleer dat God met jou wil praat. Hier praat God met jou. Omdat jy Hom ken, leer jy om Sy stem te herken. Jy ontdek jy is nie ‘n “human doing” nie maar ‘n “human being”.

3.1 Wat myself betref het ek my vasgeloop omdat ek ‘n agenda wil bid en dan is daar “silence in heaven” Ek was so gewoond om ‘n program uit te werk en dan net vir God daarin te ken.. Nou het ek ontdek dat dit nie oor my gaan nie maar oor God! Indien jy na God gaan en iets vra kan jy ‘n antwoord kry soos: “Kom sit by My”. Dit is al. Daaruit sal Hy verder met jou praat.

3.2 Dan leer jy wat is afsondering (Solitude), m.a.w. wat beteken dit om aan Sy voete te sit (Soos Martha en Maria). Dit is waar God ons wil hê. Jy ontdek dat dit nie meer vir jou gaan oor die pad en wat jy moet doen nie, maar dat alles oor Hom gaan, Hy is die pad.

Jou fokus is nie meer God se wil in jou lewe nie, maar God self. “It is all about Jesus”.

Ek kan dit soos volg demonstreer:

1. Fase een: Jou hart is verander, jy is vir God. MAAR.. Ek (I) – God is langs jou, jy beplan en doen nog soos jy goed dink, alhoewel vir God.
2. Fase 2: Jy het gegroei, maar God is steeds langs jou. Dit gaan steeds oor hoe jy wil en beplan, erken God in jou besluite.
3. Fase 3: Jy het steeds gegroei, jy het ontdek dat dit nie gaan oor hoe en wat JY vir God wil doen nie, maar dat dit oor God self gaan. Hy is deur Sy Gees in jou, jy moet net by Hom gaan sit en Sy Gees sal jou lei. *It is all about Him*. Jou wil buig voor God. Dit is *a journey inwards!!*

I (die ek/me) →(word) Christlike.

Die I (ek)buig voor God jou Vader! Jou identiteit is in Hom.

Kan julle sien: die “I must be bended to become a C – Christlike”

Hoe doen ‘n mens dit ? Gaan op jou knieë in ‘n biddende posisie. Jou liggaamsvorm lyk soos ‘n C. ‘n Kind van die Here op sy knieë is God in aksie! Natuurlik biddend in gebrokenheid en nederigheid.

Jy sal anders sien, hoor en praat! Hoekom? As God jou vul verander Hy jou!

Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: Kol 2: 6-15.

Fokus: Kol 2: 10 (OAV).

Vlak 1 dissipelskap: Vestiging van volkome identiteit in Christus.

Die eerste doel van dissipelskap is om 'n persoon se identiteit in Christus te vestig. Dit behels die volgende:

- **Geestelik:** saligheid of sekerheid oor saligheid ontbreek – lei mense na Christus en begelei hulle deur relevante Skrifgedeeltes tot sekerheid van hulle saligheid.
- **Verstandelik:** denke is nog verduister – begelei mense tot 'n ware kennis van God en wie hulle is in Christus. Leer hulle om God se weë te kan identifiseer.
- **Emosioneel:** vrees gedrewe – verander vrees vir mense en die dood as mense se basiese dryfveer in hulle lewens na die vrees van God as dryfveer.
- **Wil:** in rebellie teen God – help mense om die maniere te sien waarop hulle nog steeds God probeer speel en ook op watter maniere hulle in rebellie is teen God se outoriteit.
- **Verhoudings:** worstel met verwerping – breek mense se verdedigingsmeganismes teen verwerping af deur hulle te aanvaar. Wys mense dat jy hulle aanvaar deur aan hulle te gee wat hulle nodig het en nie wat hulle verdien nie.

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Watter vlakke van dissipelskap kan jy onderskei volgens Kol 2: 6-10 en wat beteken elkeen?
- Op watter vlak van dissipelskap is jyself en 'n persoon wat jy begelei as dissipel? Hoe weet jy watter vlak jyself is en 'n persoon wat jy begelei?
- Hoe beïnvloed jou identiteit in Christus (kosbare kind van God) jou geestelike-, verstandelike-, emosionele-, wils- en verhoudingsdimensie van lewe?

Lekker verjaar ...!

Verjaardae in die week:

23/01	ILSE-MARIÉ BRIEL	084 504 0648	011 477 2133
24/01	JOHANNA JOUBERT	073 186 6167	
24/01	LOUISE SNYMAN	082 339 1392	011 673 0028
27/01	HANNES JOUBERT	078 594 8643	
27/01	EUGENE VAN NIEKERK	073 133 1214	
28/01	SCHALK JANSEN VAN VUUREN (85)		072 223 2155
28/01	CHATYE RENSBURG	074 529 7866	

Mag die Here jou oorvloedig seën

Almal word genooi om na die diens in die saal te kuier met koffie/tee en verversings – dankie vir elkeen wat gebring het.